"sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God. En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen." Effesiers 3:17-21

"Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word." Matthéüs 5:6

Ons God is 'n verterende vuur.

Dr. Peter Hammond
Livingstone Fellowship
Posbus 74 Nuweland 7725
Kaapstad Suid-Afrika
mission@frontline.org.za
www.FrontlineMissionSA.org
www.LivingstoneFellowship.co.za
www.WilliamCareyBI.com



Hierdie artikel is aangepas uit een van die hoofstukke van ***The Power of Prayer Handbook*** wat ook op Audio CD beskikbaar is vanaf:

Christian Liberty Books
Posbus 358 Howard Place 7450
Kaapstad Suid-Afrika
Tel: 021-689-7478
Email: admin@christianlibertybooks.co.za
Website: www.christianlibertybooks.co.za

God se Vuur

Johannes die Doper was ***"...Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak Sy paaie reguit!"*** Matthéüs 3:3

Johannes het gesê: ***"Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand."*** Matthéüs 3:11-12

"Want onse God is 'n verterende vuur." Hebreërs 12:29

Toe God Sy verbond met Abraham gesluit het, het Hy Homself as 'n brandende fakkel geopenbaar (Génesis 15:17-18).

Aan Moses het hy Homself in die brandende bos geopenbaar (Exodus 3:2-14).

Die kinders van Israel is bedags deur God se wolkkolom en snags deur Sy vuurkolom in die wildernis begelei.

Toe Koning Dawid en Koning Salomo 'n altaar vir die Here gebou, offerhande geoffer en Hom aangeroep het, het God hulle uit die Hemel geantwoord deur vuur vir die verbranding van die offerhande te stuur (1 Kronieke 21:26).

"En net toe Salomo sy gebed voleindig het, het die vuur uit die hemel neergedaal en die brandoffer en die slagoffers verteer, en die heerlikheid van die Here het die huis vervul." 2 Kronieke 7:1

Die Profeet Elia het die vals profete van Baäl tot 'n beslissende stryd op die Berg Karmel uitgedaag. Hulle sou elk 'n altaar bou met hout en die offerhande bo-op. ***"Die God wat met vuur antwoord, Hy sal God wees."*** 1 Konings 18:24

Toe die honderde valse profete na Baal geroep het, het hulle dit al dansende en gillende gedoen, terwyl hulle hulself met messe gesny het totdat die bloed gevloei het. Dit het so aangehou vir ure – ***"...maar daar was geen stem en niemand wat antwoord nie, en geen opmerksaamheid nie."*** 1 Konings 18:29

"En op die tyd dat hullle die spysoffer bring, het die profeet Elia nader gekom en gesê: Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit vandag bekend word dat U God in Israel is, en ek U kneg, en dat ek al hierdie dinge op U woord gedoen het. Antwoord my, Here, antwoord my, sodat hierdie volk kan erken dat U, Here, God is, en dat U hulle hart tot U laat terugkeer. Daarop het die vuur van die Here neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek. En toe die hele volk dit sien, het hulle op hul aangesig geval en gesê: Die Here, Hy is God, die Here, Hy is God!" 1 Konings 18:36-39

Toe Jesaja 'n visie gehad het van God op sy troon in die Hemel: ***"...op 'n hoë en verhewe troon... Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol! En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword. Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien! Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen. Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my."*** Jesaja 6:1-8

God se Heiligheid

- Het jy enige insig van God se Heiligheid?
- Het jy 'n idee van die mens se verdorwenheid?
- Bely jy jou sonde?
- Het jy al die vuur van God ervaar wat jou van sonde reinig?
- Het jy die geroep van die Here gehoor: *"Wie sal Ek stuur en wie sal vir ons gaan?"*
- Het jy al geantwoord: *"Hier is ek! Stuur my."*?

Toe die Here Jesus Sy volgelinge beveel het om *"bekering en vergewing van sondes in Sy Naam (te) verkondig...aan al die nasies..."* het Hy krag van bo belowe. Lukas 24:47-49

Toe die Here Jesus Sy volgelinge beveel het om Sy getuies *"tot aan die uiterste van die aarde"* te wees, het Hy ook belowe: *"maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom."* Handelinge 1:8

Die Kerk is uit die Vuur van Pinkster gebore: ***"En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale..."*** Handelinge 2:2-4

Toe die Sanhedrin die dissipels gedreig en beveel het *"...om in die geheel nie in die Naam van Jesus te spreek of te leer nie,"* het Petrus en Johannes geantwoord: ***"Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie."*** Handelinge 4:18-19

Waagmoed Kenmerkend

Die dissipels het in gebed verenig: ***"En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan U diensknegte om met alle vrymoedigheid U woord te spreek... En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek."*** Handelinge 4:29-31

Saulus, die vervolger van die Kerk van Jesus Christus, het 'n ontmoeting met die lewende God gehad toe 'n verblindende wit lig uit die Hemel op hom geskyn het. Hy het op die grond neergeval en 'n stem aan hom hoor sê: ***"Ek is Jesus wat jy vervolg."*** Handelinge 9:3-5

Later het Saulus die vervolger, Paulus die Apostel en sendeling van Christus geword. Later het Paulus gewaarsku: ***"Blus die Gees nie uit nie."***
1 Thessalonicense 5:19

Terwyl hy as banneling op die eiland Patmos was, het die Apostel Johannes 'n visioen gehad van Jesus wat in die middel van sewe kandelare staan:

"...en Sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete..." Openbaring 1:14-17

Eenheid Geskep

- Het jy al die doop met die vuur ondervind?
- Het jy al God se Heiligheid *"gesien"*?
- Weet jy wat dit is om deur die Here Self gelei te word?
- Het jy al Sy salwing ervaar?
- Is jy al versoen en gesuiwer deur God se vuur?

Oswald Chambers sê in "My Utmost for His Highest": *"Salwing deur die Heilige Gees moet ontvang word vir die werk...slegs die vuur van die mees Heilige Gees van God kan my offer heilig en onberispelik en aanvaarbaar maak."*

Andrew Murray, wie se werke geseën was deur 'n Hemelse herlewing, het die volgende geskryf: *"Die een ding wat vir die Kerk baie nodig is, meer as enigiets anders, is dat mense verenig moet wees in hul strewe om met die Heilige Gees van God vervul te word."*

Charles Spurgeon, die groot Baptiste prins van predikers, het geskryf: *"O God, stuur aan ons die Heilige Gees! Gee aan ons beide die asem van geestelike lewe en die vuur van die onoorwinlike ywer. U is ons God. Antwoord ons deur vuur! Antwoord ons beide deur wind en vuur, en dan sal hulle sien dat U inderdaad God is. Die Koninkryk kom nie en die werk verkwyn. As U tog net die wind en die vuur sal stuur! En U sal dit doen wanneer ons almal verenig is, almal gelowig, almal verwagtend, almal voorbereid deur gebed."*

Suiwer die Hart

Calvyn het op 'n keer die Kerk as *"die broederskap met die brandende hart"* beskryf. Sy persoonlike embleem was ook 'n brandende hart wat in die Hand van God rus.

Is jy aan die brand vir Christus? In die boek van Openbaring het die Here Jesus aan die Apostel Johannes, Sy teregwysende woorde aan die kerk van Laodicea, bekend gemaak: ***"Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug."*** Openbaring 3:15-16

Ons het werklik dogmastaal in ons ruggrate en die vuur van die Heilige Gees in ons ingewande nodig, om as Sy getuies staande te kan bly.

"Is my woord nie só, soos 'n vuur, spreek die Here, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie?" Jeremia 23:29

Esegiël het God se vuur gesien. Daniël het God se oë as vuur beskryf. Hosea het God se komende vuurgloed beskryf. Joël het oor God se vurige teenwoordigheid geskryf en Obadja het God se vuurgloed tussen Sy mense gesien. Miga het berge gesien wat soos was gesmelt het voor God se vuur. Nahum het God se vurige Oordeelsdag sien kom en Sefanja het die vuur van God se Heilige jaloesie aanskou. Vir Sagaria was God se vurige teenwoordigheid soos 'n gloeiende muur wat Sy heerlikheid openbaar het. Maleagi het gepraat van God se louterende vuur wat Sy mense suiwer en versterk.

Nadat die dissipels, Jesus op die pad na Emmaus ontmoet het, het hulle verklaar: ***"Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?"***
Lukas 24:32

Verskaf Krag

Het jy al die Woord van God gehoor? Het jou hart al brandend in jou binneste geword?

Die Here God het vereis ***"Vuur moet gedurigdeur op die altaar [in die Tabernakel] aan die brand gehou word; dit mag nie doodgaan nie"*** Levítikus 6:13. Hierdie voortdurende vlam was om God se deurdringende, reinigende en kragtige Teenwoordigheid tussen Sy mense te simboliseer.

Jesus het Sy volgelinge geleer: ***"Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."*** Matthéüs 5:14-16

Jesus het gesê: ***"...As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."***
Johannes 7:37-38

Drie van die grootste magte in die wêreld is vuur, wind en water. Hierdie drie magte openbaar iets van die krag van die Skepper. Op Pinksterdag het die vuur van God, die wind van die Heilige Gees, en die lewende water van Jesus Christus, met groot krag beweeg en die Kerk was gebore.

Die sendeling na China, Hudson Taylor, het geskryf: *"Die krag wat gegee is, is nie 'n gawe vanaf die Heilige Gees nie – Hy Self is die krag. Vandag is Hy net so waarlik beskikbaar en is net so magtig in krag soos Hy was op Pinksterdag."*

Weet jy wat dit is om die vuur van God se Woord brandend in jou te hê? En weet jy wat dit is om die wind van Sy Heilige Gees as gids en leiding te hê? Vloei die lewende water van Christus vanuit jou hart?